

September 2018

DONAU/PRESTIGE-TOER 26 MEI – 9 JUNIE 2019 NADERE BESONDERHEDE

TOERPRYS: R45 850 plus *Verpligte uitgawes van ongeveer **R6 425** asook koste van reisversekering en visum.

INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- Vliegkaartjie met KLM / Air France: Johannesburg – Amsterdam – Boedapest
Prag – Parys – Johannesburg
- Oornag in hotel in Boedapest voor boot vertrek. Stadstoer van Boedapest en besoek aan Szentendre
- Bootvaart van Boedapest na Passau met besoeke aan oa Bratislava, Wene, Durnstein
- Drie volledige maaltye op die boot
- Konsert in Wene
- Vervoer per luukse bus vanaf Passau na Salzburg en Prag en twee nagte verblyf in elke stad
- Besoek Middeleeuse dorpie Cesky Krumlov in Tsjeggië
- Hantering van bagasie
- Alle ekskursies en toegangsgelde soos op toerprogram
- Ervare toerleiers vergesel die groep
- Voldag-uitstappie na die Salzkammergut

UITGESLUIT BY DIE TOERPRYS (*Verpligte uitgawes)

- *Footjies vir gidse, busbestuurders en boot-/hotelpersoneel: R1 425
- *Lughawebelasting/brandstofheffing Air France: ± R5 000
- Reisversekering, waarvoor u later volledige besonderhede sal kry
- Visumkoste: Schengenvisum ± R1 350
- Enkelkamer-bybetaling in hotelle (Boedapest, Salzburg en Prag): R5 126
- Enkelkajuit-bybetaling (enkel-gebruik van dubbelkajuit op boot): R14 140
- Enkelkajuit op heel onderste dek ("*benedende*") van boot – geen bybetaling (sien beskrywing bls 2)
- Binnelandse aansluitingsvlugte na die O.R. Tambo-lughawe in Johannesburg
- Persoonlike uitgawes op die toer: bv u eie eet- en drinkgoed, telefoonoproepe, ens

DEPOSITO EN INSKRYWING

'n Deposito van R6 000 per persoon is met inskrywing betaalbaar en verseker u plek op die toer. Dit word onder andere aangewend om die boot en die vlugte se deposito's te betaal. Volledige besonderhede ivm aankoop van vliegkaartjies, die uitneem van visums, versekering ens word vroegtydig per omsendbrief aan toerlede gestuur.

'n Tjek, uitgemaak aan **Christine van Wyk-Toere**, afskrif van 'n bankdepositostrokke* of bewys van elektroniese oorbetalings (EFT) moet asseblief saam met die Inskrywings- en Vrywaringsvorme aan ons gestuur word.

NB: GEBRUIK U VOORLETTERS EN VAN AS VERWYSING WANNEER U IN- OF OORBETALINGS MAAK

**Voeg die ekstra heffing, soos deur u eie bank bepaal, by kontantbetalings.*

Bankbesonderhede:

Christine van Wyk-Toere

Standard Bank

Pretoria-Noord

Rekeningnommer: 410 722 782

Takkode: 01-04-45 of 05-10-01

KANSELLASIE VAN TOER, INDIEN VAN TOEPASSING

Wat die deposito van R6 000 per persoon vir die toer betref: vir kansellasie tot **4 maande** voor vertrek van die toer, dws tot **25 Januarie 2019**, betaal ons **R5 500** van u deposito terug. Toerlede wat daarna tot **26 Februarie 2019** kanselleer, kry **R5 000** terug.

Sodra die nodige reisversekeringspolis wat vir kansellasiedekking voorsiening maak, uitgeneem is, kan u – indien u moet kanselleer – u geld vanaf die versekeringsmaatskappy terugeis, mits die rede vir kansellasie kragtens die polis aanvaarbaar is. Volledige besonderhede oor reisversekering word gestuur aan almal wat vir die toer inskryf.

Indien 'n toerlid **vanweë siekte** genoodsaak is om te kanselleer voor die finale toerprys betaal is, word die deposito minus **R500** administratiewe koste by voorlegging van 'n doktersertifikaat terugbetaal sodra ons u bankbesonderhede ontvang. In geval van kansellasie as gevolg van siekte ná **26 Februarie 2019**, geld dieselfde reël totdat u reisversekering uitgeneem is. Daarna sal **geen** deposito terugbetaal word nie.

Toerlede het die keuse om hul versekering deur ons kantoor uit te neem of dit privaat te doen en dan afskrifte van die dokumente as bewys aan ons te verskaf.

LET WEL:

Ons kan ongelukkig vir niemand plek hou nie. 'n Inskrywing is eers geldig wanneer ons 'n **deposito tesame** met die **Inskrywingsvorm** en **getekende Vrywaring van elke toerlid** ontvang. Die Inskrywingsvorm moet volledig voltooi word **met u volle name en van** daarop aangedui.

Wanneer ons u Inskrywingsvorm en deposito ontvang, stuur ons aan u Omsendbrief 1 met al die nodige besonderhede ivm klere wat u moet saamneem en ander relevante reisinligting. Daarna ontvang u gereeld nog omsendbriewe met nuus en inligting. **Dui enige kontakbesonderhede (adres of telefoonnommers) wat verander, duidelik op u briefwisseling met ons aan.**

BELANGRIK: Voornemende toerlede moet besef dat hulle deel vorm van 'n groep en dat hul optrede en omstandighede op geen manier die groep se belange mag benadeel nie. Mense wat byvoorbeeld moeilik beweeg, kan die groep vertraag. Hulle kan nie verwag dat medetoerlede hulle moet help of bystaan nie. Persone wat deurentyd hulp of bystand nodig het, moet iemand saamneem wat na hulle kan omsien.

DIE MS VERDI

Die MS VERDI se kajuite is op verskillende vlakke. Die dubbelkajuite is ewe groot en het groot vensters met 'n buite-uitsig. Die kajuite het twee enkelbeddens (wat ook as dubbelbed opgemaak kan word), ingeboude kaste en 'n stort, wasbak en toilet. Haardroërs en kluis is in al die kajuite beskikbaar. **Kajuite word toegeken volgens die datum van inskrywing.** 'n Mens is bedags selde in jou kajuit. Terwyl die boot vaar, kuier almal heerlik in die ruim salon of op die sondek. Die sitkamer (salon) het gemaklike stoele en die omgewing kan van daar deur die groot vensters bekyk word terwyl gratis koffie en tee beskikbaar is.

ENKELKAJUITE/-KAMERS

Toerlede kan enkelverblyf op die boot of in die hotelle kry, mits hulle bereid is om 'n bedrag by te betaal – sien "DIE TOERPRYS SLUIT NIE DIE VOLGENDE IN NIE". Op die boot is daar 'n bybetaling vir die enkelgebruik van 'n dubbelkajuit. Daar is 'n paar enkelkajuite op die boot beskikbaar teen **geen ekstra** koste. Hierdie kajuite is gerieflik en ruim hoewel kleiner as die dubbelkajuite. Dit is op die heel onderste dek, net bokant die watervlak geleë en het 'n baie kleiner venster as die dubbelkajuite. Enkellopers spaar baie deur van hierdie kajuite gebruik te maak. (Sien foto's van kajuite aangeheg.) Probeer gerus 'n familielid, vriend of kennis oorreed om saam te gaan indien u 'n dubbelkajuit verkies. Ons probeer graag help om vir enkellopende toerlede geskikte kajuit-/kamermaats te vind (indien hulle 'n dubbelkajuit verkies) **maar staan onder geen verpligting om dit te doen nie.**

BEREKENING VAN TOERPRYS

Die toerprys is uitgewerk per persoon wat deel. Soos met enige ander toer is hierdie een ook onderhewig aan faktore buite ons beheer wat die toerprys en toerdatums mag beïnvloed.

Die toerprys bestaan hoofsaaklik uit die koste van die vliegkaartjies, verblyf op die boot en landreëlings, dws boot en busse, akkommodasie en uitstappies soos aangedui op die toerprogram. Landreëlings word in die betrokke land se geldeenheid gekwoteer en toerpryse is daarna aan wisselkoersveranderinge onderhewig.

Dit was nog altyd ons beleid om nie ligtelik 'n toerprys te verhoog nadat dit een maal vasgestel is nie. Ons is egter genoodsaak om die toerprys aan te pas as die wisselkoers teenoor die betrokke buitelandse valuta aansienlik sou verander.

FINALE BETALING

Die volle toerprys plus alle ander geld (lughawebelasting, fooitjies, versekering ens) moet vóór 26 Februarie 2019 betaal word. Tref asb vroegtydig die nodige reëlings sodat u geld beskikbaar is.

Slegs vliegkaartjies en lughawebelasting kan per kredietkaart betaal word ná voltooiing van 'n vorm (Vliegkaartjiebestelvorm), wat ons aan u sal stuur. Die res van die toerprys word direk aan ons (Christine van Wyk-Toere) betaal – nie per kredietkaart nie, maar deur tjeks te pos of tjek-deponerings/internetoorplasinge te maak.

LW: Alle geld wat in banknote by die bank inbetaal word, moet die ekstra kontant-inbetalingskoste insluit. Vra u bank hoeveel dit beloop.

AGTERBLY NA DIE TOER

Indien u op u eie voor of ná afloop van die toer wil reis (met ander woorde van die bestaande toerprogram wil wegbreek), is dit moontlik. Air France hef dan 'n wegbrekersfooi van ongeveer R500.

VLIEGKAARTJIES EN KONSESSIEHOERS

Die groep reis met **AIR FRANCE**. Konsessiehouers of mense wat om een of ander rede 'n ander lugdiens as die groep gebruik, kan in Europa by die groep aansluit. U kan die vliegkaartjie se prys van **R4 700** van die toerprys aftrek. U kan moontlik die deposito wat ons op die vliegkaartjie betaal het, verbeur.

Vliegkaartjies word deur Benita Venter van Fernweh Travel uitgereik. Ons tref die reëlings daarvoor en sal die nodige inligting aan u deurgee.

PASPOORTE (DRINGEND!)

Maak seker dat u paspoort vir minstens 3 maande ná afloop van die toer nog geldig is. Daar moet ook genoeg skoon bladsye in u paspoort wees vir die visum asook vir die doeanestempels wat u benodig.

LW: Doen dadelik aansoek vir 'n nuwe paspoort indien dit verval het.

VISUMS

U benodig 'n Oostenrykse Schengenvisum. Sedert Junie 2013 moet alle visumaansoeke persoonlik in **Pretoria** of by Oostenrykse agentkantore in **Johannesburg of Kaapstad** ingedien word. Ons sal betyds vir u inligting oor die visums stuur.

MINDERJARIGES

BELANGRIK: Minderjarige kinders wat saam met u reis, benodig 'n "unabridged" geboortesertifikaat, wat saam met hulle visumaansoeke ingehandig moet word. Hierdie sertifikaat verskil van die standaard geboortesertifikate wat deur Suid-Afrika se Departement van Binnelandse Sake uitgereik word – dit bevat die kind asook albei ouers se volle name en identiteitsnommers op één, amptelike dokument. Doen asseblief onmiddellik aansoek vir "unabridged" geboortesertifikate vir elkeen van u minderjarige kinders wat saam met u gaan reis. Daar is privaat instansies wat dokumente vinniger by Binnelandse Sake kan kry, maar teen 'n stewige fooi. U kan in dié verband met ons kantoor skakel, indien van toepassing.